

## TEGNIESE WISKUNDE

Vanaf 2016 bied HTS Drostdy Tegniese Wiskunde aan.

Wat is Tegniese Wiskunde?

Die doel van Tegniese Wiskunde is om Wiskundige beginsels in die Tegniese wêreld toe te pas. Die fokus is op die **TOEPASSING** en nie op abstrakte idees nie.

Dit behels die volgende:

- Oplos van realistiese, werklike tegniese probleme. Dit bevat dieselfde inhoud as Wiskunde (selfs meer), maar ons konsentreer nou eerder op die gebruik en toepassing van Wiskunde
- Onder andere word leerders blootgestel aan nuwe inhoud soos binêre getalle, radiale, komplekse getalle, integrasie, ellipse ens. wat nie in gewone Wiskunde voor kom nie
- Die gebruik van die sakrekenaar speel 'n groot rol om Wiskunde toepassings te ondersteun

Indien 'n leerder 'n Tegniese rigting kies, is Wiskunde of Tegniese Wiskunde verpligtend. Jy kan dan nie Wiskundige Geletterdheid neem nie.

Universiteite gaan ongelukkig nie Tegniese Wiskunde erken as Wiskunde 'n vereiste is vir 'n sekere rigting nie.

Hierdie kursus gee leerders die geleentheid om verder te studeer by VOO Kolleges waar hulle dan kwalifiseer om met vlak N-4 in Wiskunde kan begin.

Suid-Afrika het dringend tegnisi nodig. Ons glo dis 'n begin van groot moontlikhede!